15 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #32

Geliefde Gemeente,

Ek stel u die slegste scenario denkbaar voor.

Dit is in die vroeë oggendure. Skielik raak jy bewus van ‘n gedreun – waarvan jy die geluid nie kan onderskei nie. Die volgende oomblik word daar met geweld toegang verkry tot jou huis, en is die persone wat op jou aandring, geklee in ‘n geïsoleerde mondering, sonder enige handelsmerk. Jy word met geweld gegryp, na buite geneem en in die voertuig gegooi – geen vensters, giet-nag donker.

Na ‘n onbepaalde tydsverloop; ‘n reis waarvan jy die bestemming nie weet nie, kom julle uiteindelik tot stilstand en word jy deur jou gemaskerde gasheer, na buite gedwing en in ‘n donker vertrek – sonder vensters en sonder lig – ingeboender.

Jy is gestroop van alle menswaardigheid; van jou selfoon; rekenaar; sonder dat jy behoorlik geklee is; sonder enige verduideliking; sonder tyd of kalender. Tyd het vir jou gaan stilstaan.

Daar is niks en niemand waarop jy jou kan beroep nie.

Wat sou jou behoud wees?

Ek was daar, net in ‘n ander formaat.

GOD IS GEES – ***Joh. 4:24***. DIE GEES VAN CHRISTUS IS IN JOU – ***Es. 11:19; Es. 36:27; 1 Joh. 3:24; 1 Joh. 4:13; Gal. 4:6.***

Geen predikant, of geestelike leier, of kerk, of hulp. Niks en niemand op wie jy jou kan verlaat nie.

God is teenwoordig in díé situasie. Ongeag die aard of inhoud van die situasie: hetsy sterfbed; hospitaal-kamer of gevangenis – en in ons geval die inperking – **God is teenwoordig**.

Vanoggend het ek wakker gelê vanaf 24h30, en aanhoudend ervaar dat ek almal moet roep, sodat ons kon saambid. Kan jy glo, ek het gewonder of dit nou regtig nodig is, en wou baie graag slaap, ek het selfs die Vader gevra om my te help om te slaap, totdat ek eindelik in my gees hoor: *“Ek kan jou nie laat slaap nie, julle moet bid.”* Uiteindelik het ek gehoor gegee, om presies te wees: *02h30*. Ek het almal geroep en ons het in die studeerkamer van 386 byeengekom en saam gebid.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Wat ‘n goddelike ingryping: daar was soveel salwing en profesie.  God het vir ons gesê:

***“Julle het die profetiese woord wat baie vas staan:  ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die môrester opgaan in julle harte” – 2 Pet. 1:19.***

Ek wil op skrif stel:  **daar kom hervorming; daar kom ‘n verandering; daar kom stabiliteit!**

Ons heers in Jesus Naam oor alle vrees, en alle emosie in die harte van mense.  **God is aan die werk.**

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST  0039  SOUTH AFRICA
+27  12  543 0333
+27  12  567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335